**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(WES-KAAPSE AFDELING, KAAPSTAD)**

HOOGGEREGSHOF VERW. NR. **15392**
LANDDROS SE SAAK NR.: **06/15**
LANDDROS REEKS NO: **RW 399/14**

**In die saak van:**

**DIE STAAT**

**EN**

**SIBUSISO MAGUDU**

---

**HERSIENINGS UITSPRAAK GELEWER OP 2 JUNIE 2015**

---

**RILEY, WnR**

[1] Hierdie saak dien voor my op automatiese hersiening.

[2] Die beskuldigde het in die periodieke landdroshof te Riebeeck-Wes op ‘n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer tereg gestaan. Hy het op die aanklag skuldig gepleit en is na ondervraging deur die landdros ingevolge die bepalings van Artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet 51 van 1977 korrek skuldig bevind.

[3] Die Staatsaanklaer het vorige veroordelings bewys en die beskuldigde is tot ‘n termyn van agtien (18) maande direkte

gevangenisstraf gevonnis.

[4] Na deurlees van die oorkonde het ek die landdos versoek om my te voorsien van sy redes vir die opgelegde vonnis. Die landdros het volledige redes verskaf en onder andere die volgende gemeld:

> "*Ter agtergrond noem ek dat Riebeeck-Wes 'n periodieke hof in die Malmesbury Distrik is wat Woensdae bedien word. Aangesien dit plattelandse gebied is, is die klaers en of getuies nie dikwels by die hof nie en vervoer nie geredelik beskikbaar nie. So word getuies dikwels deur die polisie vervoer. Op die betrokke dag was die klaer nie by die hof nie en daarom nie geroep om te getuig oor sy beserings nie. 'n Aspek wat kommer wek, behalwe dossiere wat deesdae nie by die hof is nie, is dat vorms J88 oftewel beseringsverklarings nie geredelik vanaf hospitale bekombaar is nie.*
>
> *Ek was na my ondervraging in die lig van die feit dat die klaer teen sy kop met 'n mes gesny is, op sy arm en 2x maal in sy rug gesteek is asook die feit dat beskuldigde erken dat die klaer ernstig beseer is, oortuig dat dit die geval was.*
>
> *Ek wil aanvoer dat so 'n person eintlik aangekla moet word van poging tot moord, want dit blyk of dit sy motief was in die lig van die tipe van aanranding!*
>
> *Die hof het die beskuldigde se persoonlike omstandighede deurgaans in gedagte gehou, maar kan die gemeenskapsbelang nie ignoreer nie.*
>
> *Die aankaer het verwys na geweld wat aan die orde van die dag is en dat die plaaslike hospitaal naweke oorvol is a.g.v. aanrandings – wat inderdaad so is.*

> *Ek bedien hierdie area vir die afgelope 18 jaar en het nog nooit tevore geweld so erg beleef nie. Ek wil u nie met Statistiek verveel nie, maar moet ek byvoeg dat in hierdie area dit hoogty vier in vergelyking met ander misdaad. In die meeste aanvalle word wapens bevoorbeeld messe; pikstele, bottelkoppe; bakstene + selfs pangas gebruik.*
>
> *Die enigste gepaste straf in hierdie geval is gevangenisstraf wat afskrikking bewerkstellig + die gemeenskap die gevoel van beskerming deur die Howe bied.*"

[5] Die landdros het gevolglik versoek dat die opgelegde vonnis bekragtig word.

[6] Ek is nie oortuig dat die landdros by die oplegging van 'n gepaste vonnis in hierdie saak sy regtelike diskresie behoorlik uitgeoefen het nie. Die landdros het myns insiens, die volgende wesenlike mistasting begaan.

[7] Behalwe dat die beskuldigde gedurende ondervraging erken het dat hy die klaer teen sy kop met 'n mes gesny het en twee keer in sy rug, asook een keer op sy arm gesteek het, is die aard en erns van die klaer se beserings onbekend en het die staatsaanklaer geen inligting tot sy beskikking gehad om die hof daaroor toe te spreek nie. Alhoewel ek tevrede is dat die beskuldigde wel die opset gehad het om die klaer ernstig te beseer, is daar geen basis op die erkende feite vir die landdros se mening dat die beskuldigde eintlik aangekla moes word van poging tot moord nie.

[8] Na my mening is daar geen basis vir so 'n bevinding nie veral in die lig van die feit dat daar geen getuienis voor die hof geplaas is oor die aard en omvang van die klaer se beserings en of die behandeling wat hy by die

hospitaal ontvang het vir die steek en snywonde nie.

[9] Ek aanvaar dat Riebeeck-Wes ‘n periodieke hof in die Malmesbury Distrik is en dat aangesien dit ‘n plattelandse gebied is, klaers nie dikwels by die hof is nie en dat vervoer nie geredelik beskikbaar is om getuies na die hof te vervoer nie. Dit is egter ook so dat die periodieke hof al jare te Riebeeck-Wes sit en dit blyk dat die verhoorlanddros wel bewus is van die praktiese probleme wat ervaar word om getuienis voor die hof te kry, dat dossiere nie voor die hof is nie en dat mediese verslae nie geredelik vanaf hospitale bekombaar is nie.

[10] In die onderhawige geval is die beskuldigde op 1 Desember 2014 gearresteer en het hy op 3 Desember 2014 in die hof verskyn. Daarna is die saak op ten minste twee geleenthede uitgestel tot en met 4 Februarie 2015 toe die pleit en vonnis verrigtinge afgehandel is. Dit is heel duidelik dat die saak na 4 Februarie 2015 uitgestel is sodat die beskuldigde regsverteenwoordiging kon bekom en nie vir afhandeling van die saak nie.

[11] Die landdros het geen redelike verduideliking verskaf oor waarom hy dit nie nodig geag het om die saak uit te stel, sodat volledige getuienis oor die aard en omvang van die klaer se beserings aangehoor kon word nie. Na my mening is dit uiters gevaarlik en onverantwoordelik vir ‘n vonnisoplegger om met vonnisoplegging voort te gaan, in omstandighede soos in die huidige saak, voordat volledige inligting oor die aard en omvang van die klaer se beserings voor die hof geplaas word, veral waar die hof oorweeg om direkte gevangenisstraf op te lê.

[12] Volgens die landdros bedien hy nou daardie area vir die afgelope agtien jaar en het hy nog nooit tevore geweld so erg beleef nie. Hy meld verder dat hy nie hierdie Hof met statistiek wil verveel nie, maar dat in die area wat hy bedien aanrandings met messe, pikstele, bottelkoppe, pangas

en bakstene, hoogty vier. Wat die landdros sê mag wel so wees. Ek aanvaar ook dat in gevalle van aanrandings met die opset om ernstig te beseer, dit nodig mag wees om in gepaste gevalle vonnisse op te lê wat daarop gerig moet wees om die hof se ondubbelsinninge afkeur vir sodanige misdrywe na buite te verkondig deur gepaste vonnisste op te lê, maar dit beteken nie dat die gewone beginsels van straftoemeting oorboord gegooi moet word en dat oortreders wie hulle vir die eerste keer skuldig maak aan die tipe oortreding, summier agtien maande gevangenisstraf opgelê moet word nie.

[13] Dit is nodig om te beklemtoon dat toegang tot kwaliteit geregtigheid beskore is vir almal, ongeag of die individu hom of haarself in ‘n plattelandse of in ‘n stedelike gebied bevind. Die beginsel geld beide in die geval van beskuldigdes sowel as klaers. Net soos ‘n vonnis oplegger moet toesien dat hy/sy alle relevante feite ten opsigte van vonnis voor hom/haar het voor vonnis opgelê word is dit ook belangrik dat onreg nie geskied teenoor ‘n klaer waar daar versuim word om al die pertinente feite oor die aard, erns, omvang en gevolge van ‘n aanranding voor die hof te plaas nie.

[14] Alhoewel afskrikking ‘n regmatige oogmerk van straftoemeting is, mag daar nie toegelaat word dat dit tot ‘n onredelike straf aanleiding gee nie.

[15] In die onderhawige saak is die beskuldigde weliswaar nie ‘n eerste oortreder nie. Hy het vorige veroordelings vir dwelmverwante oortredings maar is vir alle doeleindes ‘n eerste oortreder vir ‘n geweldsmisdaad. Ten tye van vonnis oplegging was hy in ‘n vaste vehouding met ‘n vrou en het hy drie minderjarige kinders wat hy by sy saamleef vrou onderhou het. Hy was vir ‘n jaar in ‘n vaste betrekking by Tomis Abbattoir, Hermon waar hy vyf honderd rand (R500-00) per week verdien het.

[16] Na my mening het die landdros misgetas deur nie die vonnis te

individualiseer nie. Dit is heel duidelik dat in sy soeke na ‘n gepaste straf in hierdie saak, die landdros sy vonnis diskresie onreëlmatig uitgeoefen het en het die landdros versuim om ander vonnis opsies, anders as direkte gevangenisstraf, te oorweeg.

[17] Indien gekyk word na beskuldigde se persoonlike omstandighede, die feit dat daar ‘n mate van provokasie teenwoordig was, dat daar nie volledige getuienis oor die aard en omvang van die klaer se beserings voor die hof geplaas is nie, sowel as die belange van die gemeenskap, is ek nie oortuig dat ‘n termyn van agtien (18) maande direkte gevangenisstraf ‘n regverdige en billike vonnis in hierdie saak is nie.

[18] Beskuldigde het alreeds gevangenisstraf uitgedien vanaf 7 Februarie 2015.

[18] Derhalwe sou ek die volgende bevel maak:

> Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende vonnis:
>
> ‘‘n Boete van drie duisend rand (R3000-00) of ses (6) maande gevangenisstraf waarvan een duisend, vyf honderd rand (R1500-00) of drie (3) maande gevangenisstraf opgeskort word vir ‘n periode van drie (3) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan aanranding met die opset om ernstig te beseer nie en wat gepleeg word in die periode van opskorting. Die vonnis word teruggedateer na die datum van die opgelegde vonnis.’
>
> Die gevolg is dat beskuldigde geregtig is op sy onmiddelike vrylating en die Griffier van hierdie hof word gelas om sonder versuim ‘n afskrif van die uitspraak aan die klerk van die hof, en die hoof van die

gevangenis waar beskuldigde sy vonnis uitdien te versend.

‘n Afskrif van die uitspraak moet sonder versuim aan die Landdros Kommissie, die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie sowel as die Hoof van die Vervolgingsgesag aangestuur word.

______________________

**RILEY, WnR**

**Ek stem saam.**

______________________

**ERASMUS, R**